

Mediaverklaring
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
10 Oktober 2019

Klassifikasie van SA verskansingsfondse tree eersdaags in werking

Suid-Afrikaanse verskansingsfondsbestuurders het met die proses begin om hul verskansingsfondsportefeuljes te klassifiseer in ooreenstemming met die bepalings van die nuwe Verskansingsfondsklassifikasiestandaard wat onlangs deur die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) bekend gestel is. Dié nuwe Standaard tree op 1 Januarie 2020 in werking.

Sunette Mulder, senior beleidsadviseur by ASISA, sê die klassifikasie van alle verskansingsfondsportefeuljes, insluitend verskansingsfonds-van-fonds-portefeuljes, in verskillende kategorieë het ten doel om dit makliker te maak vir beleggers om toegang tot dié fondse te verkry en die fondse met mekaar te vergelyk om 'n gepaste verskansingsfonds vir hul spesifieke risikoprofiel en beleggingsportefeulje te vind.

Suid-Afrika het in April 2015 die eerste land geword wat omvattende regulering vir verskansingsfondsprodukte ingestel het. Die bepalings maak voorsiening vir twee tipes verskansingsfondskategorieë, naamlik verskansingsfondse vir gekwalifiseerde beleggers aan die een kant en kleinhandelbeleggers aan die ander kant. As 'n eerste stap moes die verskansingsfondsbedryf hul verskansingsfondsprodukte omskakel na strukture wat aan die bepalings van die Wet op die Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas (Cisca) voldoen.

Mulder sê die volgende stap vir verskansingsfondsbestuurders is om alle verskansingsfondse in ooreenstemming met die bepalings van die ASISA Verskansingsfondsklassifikasiestandaard te klassifiseer.

"Die Standaard is 'n hulpmiddel vir beleggers en hul adviseurs deurdat dit 'n raamwerk verskaf waarbinne verskansingsfondsportefeuljes met vergelykbare beleggingsdoelwitte en beleggingslandskappe saamgroepeer word. Die vermoë om soort met soort te vergelyk is uiters belangrik wanneer dit by beleggingsbesluitneming kom."

Die vier kategorieë

Die Standaard maak voorsiening vir vier klassifikasie-kategorieë. In die eerste kategorie word onderskeid getref tussen verskansingsfondsportefeuljes vir kleinhandelbeleggers en dié vir gekwalifiseerde beleggers.

In die tweede kategorie word verskansingsfondsportefeuljes volgens hul geografiese blootstelling geklassifiseer:

- **Suid-Afrikaanse portefeuljes** belê ten minste 60% van hul bates in Suid-Afrikaanse beleggingsmarkte.
- **Wêreldwye portefeuljes** belê in sowel Suid-Afrikaanse as buitelandse markte. Daar is geen beperking op die persentasie plaaslike of buitelandse bates wat in 'n portefeulje gehou mag word nie.

- **Buitelandse portefeuljes** belê ten minste 80% van hul bates buite Suid-Afrika, met geen beperking op die hoeveelheid bates van 'n spesifieke geografiese land, bv. die VSA, of 'n geografiese streek soos Afrika nie.
- **Streekportefeuljes** bied beleggers ten minste 80% blootstelling aan bates in 'n spesifieke land, bv. die VSA, of 'n geografiese streek soos Afrika (buiten Suid-Afrika).

Die derde kategorie klassifiseer verskansingsfondsportefeuljes op grond van die bestuurder se beleggingstrategie:

- **Lang/Kort Aandeleverskansingsfondse** is portefeuljes wat hul opbrengste oorwegend uit posisies in die aandelemark genereer, ongeag die spesifieke strategie wat ingespan word.
- **Vaste-Inkomste Verskansingsfondse** is portefeuljes wat belê in instrumente en afgeleide instrumente wat sensitief is vir bewegings in die rentekoersmark.
- **Multistrategie Verskansingsfondse** is portefeuljes wat oor tyd nie op 'n enkele bateklas staatmaak om beleggingsgeleenthede te genereer nie, maar op 'n verskeidenheid strategieë en bateklasse met nie een bateklas wat oor tyd domineer nie.
- **Ander Verskansingsfondse** is portefeuljes wat strategieë inspan wat nie in een van die ander klassifikasiegroepeerings inpas nie.

Die vierde kategorie is net op Lang/Kort Verskansingsfondsportefeuljes van toepassing, met dié portefeuljes wat verder onderverdeel word in die volgende kategorieë:

- **Langposisie-sydige Aandeleverskansingsfondse.** Hierdie portefeuljes mik oor tyd na 'n netto aandeleblootstelling van meer as 25%.
- **Markneutrale Verskansingsfondse.** Hierdie portefeuljes is veronderstel om baie min direkte blootstelling aan die aandelemark te hê. Oor tyd behoort die gemiddelde netto aandeleblootstelling minder as 25% maar meer as -25% te wees.
- **Ander Aandeleverskansingsfondse.** Hierdie kategorie is vir portefeuljes wat 'n baie spesifieke strategie in die aandelemark inspan, bv. 'n genoteerde eiendomstrategie of 'n sektor-spesifieke strategie.

Mulder sê nuwe klassifikasie-kategorieë sal oorweeg word wanneer daar vyf of meer verskansingsfondsportefeuljes met 'n identiese of oorwegend dieselfde beleggingsdoelwit en -beleid in die verskansingsfondskategorie vir gekwalifiseerde of kleinhandelbeleggers is.

Wanneer die nuwe klassifikasiestelsel geïmplementeer is, sê Mulder, sal ASISA vir die eerste keer sy eie rapporteringsdata oor die verskansingsfondsbedryf kan insamel. Tans is ASISA gemoeid met die insameling en vergelyking van kwartaallikse statistieke vir die Kollektiewe Beleggingskema-bedryf, maar dit sluit nie verskansingsfondse in nie.

Die ASISA Verskansingsfondsklassifikasiestandaard is [hier](#) beskikbaar.

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:

Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@fild.co

Uitgereik namens:

Sunette Mulder
Senior Beleidsadviseur
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, kollektiewe beleggingskema-bestuursmaatskappye, gekoppelde belegging-diensverskaffers, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye.